Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Die mense wat ons kies om by die naam genoem te word

Skriflesing: Johannes 1:35-51

Broodjies vir die pad

This year I want to be more like Jesus:
– Hang out with sinners.
– Upset religious people.
– Tell stories that make people think.
– Choose unpopular friends.
– Be kind, loving and merciful.
– Take naps on boats.
Bron: Instagram, anoniem

"No summer ever came back, and no two summers ever were alike. Times change, and people change; and if our hearts do not change as readily, so much the worse for us."
— Nathaniel Hawthorne, The Blithedale Romance

"Listen to your life. See it for the fathomless mystery it is. In the boredom and pain of it, no less than in the excitement and gladness: touch, taste, smell your way to the holy and hidden heart of it, because in the last analysis all moments are key moments, and life itself is grace."
— Frederick Buechner, Now and Then: A Memoir of Vocation

"Christian discipleship is a decision to walk in his ways, steadily and firmly, and then finding that the way integrates all our interests, passions, and gifts, our human needs and eternal aspirations. It is the way of life we were created for."
— Eugene Peterson

"In the past, censorship worked by blocking the flow of information. In the twenty-first century, censorship works by flooding people with irrelevant information. [...] In ancient times having power meant having access to data. Today having power means knowing what to ignore."
— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A History of Tomorrow

"The point is not that Jesus was a good guy who accepted everybody, and thus we should do the same (though that would be good). Rather, his teachings and behavior reflect an alternative social vision. Jesus was not talking about how to be good and how to behave within the framework of a domination system. He was a critic of the domination system itself."
— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

Lewensfases

Soos elke bloeisel verwelk, en elke jeug
In ouderdom wegkwyn, so blom elke lewensfase,
Blom ook elke wysheid en elke deug
Wanneer dit hul tyd is, maar nie ewigdurend.
Met elke roep van die lewe moet die hart
Bereid wees om afskeid te neem en nuut te begin,
Om moedig en sonder smart
Ander, nuwe bindinge te ontgin.
Want in elke begin skuil 'n betowering
Wat ons beskut en help om te lewe.

Ruimte na ruimte moet ons vreugdevol deurkruis
Aan geeneen verknog raak soos aan 'n huis.
Die wêreldgees wil ons nie vashou en beperk,
Maar ons tree vir tree laat groei en floreer.
Skaars voel ons tuis in een lewenskring
Of gemoedelikheid sus ons aan die slaap.
Slegs diegene wat bereid is om die reis voort te sit
Ontkom die verlamming wat gewoontes bring.

Miskien sal ook nog die doodsuur
Ons na nuwe onontdekte ruimtes stuur.
Die lewe sal ons altyd aanhou roep.
Wees gereed, dapper hart, neem afskeid en ontwaak!!

Hermann Hesse. Vertaling van Duits in Afrikaans.
(Versindaba kompetisie vir vertaalde gedigte (78))

"For Equilibrium, a Blessing:

Like the joy of the sea coming home to shore,
May the relief of laughter rinse through your soul.

As the wind loves to call things to dance,
May your gravity by lightened by grace.

Like the dignity of moonlight restoring the earth,
May your thoughts incline with reverence and respect.

As water takes whatever shape it is in,
So free may you be about who you become.

As silence smiles on the other side of what's said,
May your sense of irony bring perspective.

As time remains free of all that it frames,
May your mind stay clear of all it names.

May your prayer of listening deepen enough
to hear in the depths the laughter of God."

— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Blessings

Versigtig met geloof in die openbare oog

Christina Landman

'Slaan die spyker suiwer in!" hoor ek 'n bouer aan sy werkers sê. Ek dink daaraan toe ek Ben du Toit se boek God – Is daar 'n ander antwoord? probeer lees.

Du Toit was 'n hoë bedienaar van die Woord in die NG Kerk. Toe tree hy af en skryf die boek om te sê God bestaan nou nie meer vir hom nie.

Ons hou almal van Ben, dis hoekom dit moeilik is om aan hom te sê die boek is slordig, saamgeskraap en onsuiwer in vorm en in denke. Vol dubbelboodskappe oor sy liefde-haat-verhouding met die NG Kerk. Die Kerk het glo gemaak dat hy nou 'n "post-teïs" is. Hy is anderkant God. Moeg vir God. Die NG Kerk, sê hy, het gemaak dat God nie meer bestaan nie en hy gaan God ook nie in 'n ander kerk soek nie. Ag nee, Ben, wat slaan 'n goeie denker soos jy nou die spyker so onsuiwer in.

Hoofregter Mogoeng Mogoeng het ook onlangs gevryskut as pastoor en 'n spyker ingeslaan. Hy voer in die openbaar 'n pastorale debat met God as regter. Hy vra straf vir entstowwe met 'n 666.

Ek het 19 onbetaalde boetekaartjies en wil nie met die regter skoorsoek nie. En ek hou baie van sy passie. Ek wonder maar net of 'n mens nie opleiding in geloofs- en viruskunde nodig het voordat jy 'n spyker suiwer kan inslaan nie.

'n Mens moet weet wat 666 in Openbaring se tyd beteken het. En hoe ver jy dit vandag kan toepas. En jy moet ook weet dat dit mense geestelik siek kan maak as jy jou heeltyd op 'n straffende God beroep. Dis baie beter om God te vra om jou 'n gesonde pad uit die pandemie te wys.

Hoe praat jy dus oor geloof in die openbare ruimte, want as openbare figuur het jy invloed?

Met die jare moes ek ook maar dié goue reël aanleer: Ontmoet mense waar hulle is. As mense in 'n Covid-19-krisis is, ontmoet hulle dáár sodat julle 'n gesonde pad saam kan loop. Deur hulle saam te vat in 'n gebed vol agterdog oor entstowwe, kan hul krisis dalk net verdiep.

As mense in 'n geloofskrisis is, ontmoet hulle dáár sodat jy nog 'n pad saam kan loop. Deur skielik aan te kondig dat jy nou nie meer so onnosel is om aan God te glo nie, maak hul krisis dalk veel, veel dieper.

As jy jouself in die openbaar uit die geloofs-kring verwyder, soos Ben, het dit gevolge vir mense se gesondheid. Of as jy soos die hoofregter die geloofskring instorm, al is dit uit diep geloofsoortuiging, het dit 'n impak op mense wat jy nie kan beheer nie. As jy 'n openbare stem het, moet jy mense wat dinge vanuit hul geloof benader, met respek behandel.

Want ons weet nie presies wat die effek van openbare geloofsuitsprake op mense se geestelike gesondheid is nie. As God in die openbaar 'n klug genoem word of iemand noem 'n entstof die duiwel, hoe gesond of hoe siek maak dit mense? Sielkundiges sê hulle kan die skade nie navors nie, want jy kan dit nie meet nie.

Kom ons praat liewer gesond met geloof. En stap saam met mekaar die pad na waar ons gesond kan glo. En die spyker suiwer gesond kan inslaan.

+ Veral nou met Kersfees.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/versigtig-met-geloof-in-die-openbare-oog-20201222

"So, is there an afterlife, and if so, what will it be like? I don't have a clue. But I am confident that the one who has buoyed us up in life will also buoy us up through death. We die into God. What more that means, I do not know. But that is all I need to know."

— Marcus J. Borg, Speaking Christian: Why Christian Words Have Lost Their Meaning and Power - And How They Can Be Restored

Brood vir die pad

Leegheid is beslis nie die einde van die storie nie

RRV

Oor die feestyd ontvang ek as gewaardeerde geskenk die Kanadese skrywer Margaret Atwood se digbundel Dearly (2020). Atwood – wydbekend vir haar 1985-roman The Handmaid's Tale (waarop 'n gewilde televisiereeks gegrond is), asook die onlangse The Testaments (2019) – skryf dié gedigte tussen 2008 en 2019, 'n tyd wat, soos sy dit stel, dinge donkerder in die wêreld geword het. Ook 'n tyd wat sy ouer geword het en mense naby aan haar gesterf het.

Heelwat van die gedigte in Dearly handel oor temas soos leegheid, afwesigheid en verlies. In "Invisible Man", byvoorbeeld, begin sy met 'n verwysing hoe onsigbare mense in strokiesprente met stippellyne geteken word. In die lig van die afsterwe van haar lewensmaat vervolg hierdie gedig dan: "That's who is waiting for me:/ an invisible man/ defined by a dotted line:/ the shape of an absence/ in your place at the table." Met as laaste versreëls: "You'll be here but not here,/ a muscle memory, like hanging a hat/ on a hook that's not there any longer."

En die tema van leegheid kom ook, soos die titel aandui, ter sprake in die gedig "If there were no emptiness". Reeds in die eerste versreël blyk die digter se gevolgtrekking: as daar geen leegheid was nie, was daar ook geen lewe nie. Dan was al die elektrone en partikels bloot 'n gekompakteerde massa; dus geen ek of jy nie, slegs plasma. "Therefore I praise vacancy/ Vacant lots with their blowing plastics and teasels/ vacant houses .../ Motels with the word Vacancy."

Atwood se digbundel werp 'n eerlike blik op ervarings van leegheid en leed. Maar leegtes dui nie op ruimtes waaruit niks kreatief en lewegewend kan ontstaan nie. In hierdie sin herinner dit ons aan die konteks van die leegheid waarvan ons in Genesis 1:2 lees (die Hebreeusetohu wa-bohu): "Die aarde- was woes en leeg, en donkerte was oor die oerwater" (2020-vertaling). Op dié leegte en donkerte volg egter 'n skeppingswoord: "Laat daar lig wees!" (vers 3). Leegte, chaos en donkerte is pyn-like werklikhede, maar dit het nie die laaste woord nie.

Teen die einde van Atwood se "If there were no emptiness" is daar as 't ware 'n beweging in die leegte in. Die vakante kamer word binnegetree, en dit word duidelik dat hoewel leegte en lewe onlosmaaklik verbind is, leegte nie die einde van die storie is nie.

"The room has been static for me so long/ an emptiness a void a silence/ containing an unheard story/ ready for me to unlock./ Let there be plot."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardesleegheid-is-beslis-nie-die-einde-van-die-storie-nie-20210109

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877